Ons lees vandag uit Lukas, een van die evangelies in die Nuwe Testament. Lukas is geskryf in ‘n tyd wat volg op die intertestamentele tyd (tussen Ou en Nuwe Testament) wat sowat 400 jaar was. In hierdie 400 jaar was God basies “stil” in terme van geen profesieë, wonderwerke, engele of groot gebeurtenisse.

Lukas 1 bring ‘n einde tot hierdie periode van stilte met die verskyning van engel Gabriël...en die aankondiging van ‘n wonderwerk in die geboorte van Johannes die Doper. Hierdie wonderwerk, is die eerste van ‘n reeks wonderwerke wat ons in die Nuwe Testament teekom, onder andere Jesus se geboorte.

History Timeline from Babylon to Bethlehem



Judea ruled by the Persian Empire 536 BC – 330 BC
Judea ruled by the Alexandrian Empire: 330 BC — 308 BC
Judea ruled by Egypt: 308 BC — 195 BC
Judea ruled by Syria: 195 BC — 130 BC
Maccabean Revolt: 164 BC — 63 BC
Judea ruled by the Roman Empire: 65 BC — AD 70
From Republic to Empire Julius Caesar: 46 BC — 44 BC
Herod the Great reigns as King of the Jews: 37 BC — 4 BC

LUKAS 1:5-25

Lees Lukas 1:5-25 – die aankondiging van Johannes die Doper se geboorte aan sy ouers, Sagaria en Elisabet.

Wat staan vir jou uit in hierdie teksgedeelte? Wat leer ons van Johannes die Doper uit hierdie gedeelte? Wat is die rol van die engel in hierdie gedeelte?

Wonderwerke gebeur deur alledaagse, normale situasies waar God ingryp en teenwoordig is, waar Hy verandering en vernuwing bring. Dit mag vir ons onnatuurlik en onmoontlik lyk, maar Goddelike werking maak nie altyd menslik sin nie.

SAGARIA

- Sagaria en Elisabet kom beide uit die priesterlike bloedlyn van Aaron.

- Sagaria was ‘n hoëpriester in die afdeling van Abia, een van die 24 priesterlike deparemente wat elk twee weke per jaar aan diens was in die tempel.

- Hulle kon nie kinders kry nie, was al redelik oud en het sosiaal vernederd of minderwaardig gevoel.

- Op hierdie spesifieke dag val die geluk op Sagaria om die taak van ‘n Hoëpriester te kry om in die Allerheiligste van die tempel te mag ingaan.


Holy of Holies
Holy Place
Outer Courtyard
Ark of Covenant with "Szekhinah"
Veil
Altar of Incense
Menorah
Table of Shewbread
Door
Laver
Altar of Burnt Offerings
Entrance Gate

- Dit het net een maal per jaar gebeur dat ‘n Hoëpriester die brandoffer in die Allerheiligste voorberei het – dus ‘n voorreg wat net een maal in ‘n leeftyd vir ‘n persoon kon gebeur met die kans dat sommiges nooit die kans sou kry nie.

- Die Allerheiligste en die eer om die brandoffer te kon voorberei, was die grootste eer en die naaste wat jy ooit aan God sou kon kom in daardie tyd. ‘n Heilige oomblik.

- Sagaria sou verwag het om ‘n bonatuurlike ervaring, ‘n moontlike ontmoeting met God self, te beleef tydens hierdie diens.

Hoe reageer Sagaria? Wat is sy reaksie?
Hy is stomgeslaan, boeglam geskrik wanneer God wel opdaag met ‘n wonderwerk en die goeie nuus van ‘n baba.

Sy ongeloof in die goeie nuus, lei daartoe dat hy met doofstomheid getref word.

Wanneer ons vir God vra vir reën, glo ons werklik dat Hy sal opdaag om ons te seën? Wanneer ons bid vir genesing, finansies, ‘n nuwe werk, is ons verbaas dat God wel opdaag met ‘n oplossing? Is jy verbaas dat Hy jou vergewe, liefhet, genadig is, deur jou ‘n wonderwerk wil laat gebeur?

Dieselfde engel het aan Maria verskyn in die volgende hoofstuk. Ook sy was onkant gevang. Wat sou die verskil in hul reaksie wees wat gelei het tot Sagaria se straf en dat niks met haar gebeur het nie?

Maria was waarskynlik in verwondering.
Sagaria was wantrouig.

Leef ons nie dalk ook ‘n bietjie soos Sagaria en Elisabet nie? Wantrouig, wanhopig, sleepvoet, pessimisties, negatief, sensitief, verbaas... Dalk gaan jy net deur jou daaglikse roetine en tempeldiens, maar dit het vir jou afgesaag en vaal geraak...?

Lees weer vers 14. Wat sê dit vir jou? Wat kom kondig die engel aan?
God bring vreugde! Johananes die Doper is ‘n bron van blydskap en vreugde! Jesus is ‘n bron van vreugde!

In die Ou Testament het ons die beeld van water wat bitter is en wat in bloed verander word. Swaarkry, pynlike dissipline, moeite, bloederige offers, oneindige rituele om geheel en genees te word.

In die Nuwe Testament is Jesus se eerste wonderwerk een van water wat in wyn verander om fees te kan vier. Vreugde, viering – dis waarvoor Jesus gekom het!

JESUS
VERANDER
VERNUWE
VERFRIS
BRING VREUGDE

‘Dit het Ek vir julle gesê, sodat my blydskap in julle kan wees, en julle blydskap volkome kan wees.’

JOHANNES 15:11

Van Hom sê Dawid: “Ek het die Here altyd voor oë. Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie. Daarom is my hart bly en my tong jubel, ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe, want U sal my nie aan die doderyk oorlaat nie; U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie. U het my die paaie van die lewe geleer; u teenwoordigheid sal my met vreugde vul. '

HANDELINGE 2:22-28


MURPHY'S LAW
NOTHING IS AS EASY AS IT LOOKS
EVERYTHING TAKES LONGER THAN YOU EXPECT
IF ANYTHING CAN GO WRONG
IT WILL GO WRONG
...AND AT THE WORST POSSIBLE MOMENT.

Ons is lief daarvoor om volgens Murphy's Law te lewe... Al is ons gelowiges, gered deur Jesus se bloed, gevul met die vreugde van die Heilige Gees.
Gaan jy in jou huwelik net deur die "motions"? Het dit vir jou net 'n roetine taak geraak? Jou huwelik dien nie sy doel as daar nie ook vreugde is nie... Sit die vreugde terug!

Gaan jy by jou werk dalk ook net deur die "motions"? Afgesaag en net 'n vervelige roetine geword? Kry die vreugde terug!

Ook in jou geloofslewe... Gaan jy kerk toe, bid, lees jou Bybel, maar die vreugde van 'n ontmoeting met God is weg? Raak weer opgewonde!

YHPRUM'S LAW

Die teenoorgestelde van Murphy’s Law is... Yhprum’s Law...
Wat sou dit wees?

“Alles loop reg, altyd reg...”
“Hou die blink kant bo”
“As iets goeds kan gebeur, sal dit”
“Look on the bright side of life”

Hierdie tyd van die jaar, oppad na Kersfees, is dit ons taak om vreugde te verkondig! Die oorwinning is behaal, ons het rede om bly te wees!

’Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou: Ek maak dié bymekaar wat treur, ver van die feestelikheid af, dié wat uit jou uit kom en ter wille van jou die smaad gedra het.'

SEFANJA 3:14-18

Die Here kyk met vreugde en blydskap na jou, die minste wat jy kan doen is om terug te glimlag met die manier waarop jy jou werk, jou huwelik, jou verhoudings, jou lewe doen.

BID:

Here, help my om te stop en te rus en die vreugde terug te kry in my lewe as ek nie meer bly en vreugdevol is nie...
Here, dankie dat U nooit ophou bly wees oor my nie.
Here, leer my om minder negatief, agterdogtig, pessimisties te wees